Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Bronwyn Calvert**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Bronwyn.Calvert@westerncape.gov.za | 021 467 2994

Lêerno.: 20/3/P
Verwysing: 20241114-8436

Eksamenadministrasieminuut: 0008/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Prosedures vir die administrasie van Musiek Vraestel 2 (V2) (Begrip) tydens die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Oktober/November 2024**

1. Vraestel 2 (Begrip) van die eksamen vir Musiek sal op **26 November 2024** afgeneem word. Die vraestelle, asook die kompakskyf (CD) wat die verskillende musieksnitte bevat, sal gedurende die week van 21 November 2024 versend word.

2. Die CD wat die verskillende musieksnitte bevat, sal apart van die vraestelle in 'n koevert wat met borrelplastiek uitgevoer is, verpak en dan binne-in die bruin kartonbokse wat die swart seilsakke bevat, verpak word.

3. Sodra die bruin kartonbokse afgelewer word, moet dit onmiddellik in die bergingsbestuurder se kantoor of in 'n veilige area oopgemaak word. Die besending moet dan noukeurig gekontroleer word.

4. Die sessie se swart seilsakke, wat die vraestelle en koevert wat met borrelplastiek uitgevoer is, bevat, moet onmiddellik in die kluis/instapkluis bewaar word.

5. Sodra die CD wat die verskillende musieksnitte bevat afgelewer word, moet dit voor die eksamen op **26 November 2024** getoets word. Die vakopvoeder vir Musiek moet die CD wat die musieksnitte bevat, in die teenwoordigheid van 'n opsiener op die klanktoerusting wat tydens die eksamen gebruik sal word, toets. Elke musieksnit moet getoets word. Indien die CD wat die musieksnitte bevat foutief sou wees, moet **me. B Calvert onmiddellik daarvan in kennis gestel word by tel: 021 467 2994**.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

6. Die volgende prosedures vir die administrasie van Vraestel 2 vir Musiek moet **op die eksamendag** nougeset gevolg word:

6.1 Die CD wat die musieksnitte bevat, asook die CD-speler wat tydens die eksamen gebruik sal word, moet weer getoets word. Die toets moet een uur voor die aanvang van die eksamen gedoen word. Maak asseblief seker dat die opvoeder wat die CD-speler tydens die eksamen gaan gebruik, vertroud is met die funksies daarvan.

6.2 Die vraestel verskaf duidelike instruksies oor **hoeveel keer die musieksnitte gespeel moet word**, en geen afwyking hiervan sal toegelaat word nie. Kandidate mag nie versoek dat die musieksnitte meer kere herhaal word as wat in die vraestel se instruksies gestipuleer word nie.

6.3 Alle kandidate moet vir die volle duur van die eksamen in die eksamenlokaal bly, ongeag of hulle die eksamen voor die afsnytyd voltooi het.

6.4 Die eksamen moet onder die toesig van 'n opsiener afgeneem word.

6.5 Indien 'n skool meer as een musiekgenre aanbied (inheemse Afrika-musiek (IAM), Jazz of Westerse kunsmusiek (WAM), moet die volgende riglyne gevolg word:

- Die eksamen vir elke musiekgenre moet in 'n aparte lokaal afgeneem word.
- Elke lokaal moet toegerus wees met die geskikte klanktoerusting.
- Elke lokaal moet oor sy eie CD met musiekuittreksels beskik.
- 'n Opsiener moet in elke lokaal teenwoordig wees.

7. Dit is belangrik dat gebeurlikheidsplanne in plek moet wees indien geskeduleerde en ongeskeduleerde kragonderbrekings plaasvind, sodat die eksamen steeds kan voortgaan.

8. Sou enige gebeurlikheid plaasvind, moet die eksamensentrum die toepaslike protokolle implementeer om te verseker dat alle kandidate die eksamen op die dag voltooi.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle musiekopvoeders en bergingsbestuurders.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-11-19


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement